

KAMPUS NEWS



VERA ADAMS Tuis in Stellenbosch

Prof Nico settles
into a new role

Woordfees maak
2016-tema bekend

New app for SU
Botanical Garden

Personeel uitgedos
op Loslitdag

My Kampus: Verwelkom Vera Adams.....3
 Landbou-ooreenkoms gee navorsing stukrag.....4
 Khayamandi Oral History Project launched.....5
 Women in five new SARChI Chairs at SU.....6
 Toekennings vir opkomende US-navorsers.....7
 Vice-Rector to focus on transformation.....8
 New acting head for Division of Social Impact.....9
 Wandel digitaal deur Botaniese Tuin.....10
 Loslitdag: uitgedos vir 'n goeie saak.....11
 US Wordfees 2016 is hier om te bly.....12
 Kampuslewe: Eet, lees en luister.....13
 Active play for children.....14
 In conversation with Dr Joseph Akotey.....15
 Brokkies in Beeld.....16



8



13



15

Redakteur: Wayne Muller
 Voorbladfoto: Stefan Els
 Bladontwerp: SUN MeDIA
 Drukwerk: SUN MeDIA
 Advertensies: Conita Henry
 tel: 021 808 4633, e-pos: chenry@sun.ac.za
 Redaksionele bydraes aan: Die Redakteur,
 Admin B-gebou, tel: 021 808 2927,
 faks: 021 808 3800,
 e-pos: kampusnuus@sun.ac.za
 of wtmuller@sun.ac.za



UNIVERSITEIT
 STELLENBOSCH
 UNIVERSITY

Wayne



VAN DIE Redakteur

Dit is altyd lekker om nuwe personeel op kampus te verwelkom. Nuwe bloed bring nuwe idees – veral as iemand uit 'n ander agtergrond as die wêreld van die universiteitslewe kom.

Op dié manier word daar gesorg vir 'n diverse universiteitskorps waar almal saam hul idees in die spreekwoordelike hoed gooi. In hierdie uitgawe van *Kampusnuus* stel ons jou voor aan sulke mense.

Ons voorbladpersoonlikheid, Vera Adams, is die nuwe Bestuurder: Ontwikkelingsdienste in die Afdeling Ontwikkeling en Alumni-betrekkinge – die afdeling verantwoordelik vir fondswerwing vir die Universiteit. Sy vertel oor haar eerste paar maande hier by die US.

Op bladsy 3 kan jy haar beter leer ken. Dr Joseph Oscar Akotey hails from Ghana, and has been appointed as a senior lecturer in Development Finance at the SU Business School in Bellville – where he also completed his PhD studies.

He credits the positive student experience he had at the USB as the reason why he decided to move to South Africa. On page 15, Akotey tells us more about his interesting research topic.

Although Prof Nico Koopman has been with SU for years, he has moved office to take over from Prof Mohammad Karaan as acting Vice-Rector. But with it also came a new title and responsibilities.

Koopman is the acting Vice-Rector: Social Impact, Transformation and Personnel. With transformation becoming an important issue at SU, it has been elevated to the responsibility centre of the Vice-Rector. Learn more about this change on page 8.

Ons personeel is ook betrokke by allerlei projekte. Op bladsy 13 kan jy meer lees oor Heindrich Wyngaard, kommunikasiebestuurder by die USB, se boek oor Zephany, die Kaapse meisie wat as baba uit die hospitaal gesteel is en onlangs haar regte ouers gevind het.

Dan is daar ook dr Eileen Africa wat betrokke is by die skep van Active Play vir kinders by Virgin Active-gimnasiums.

Lekker lees.

Committee on Higher Education, and by the Department of Higher Education and Training ring louder than ever! – Keymanthri Moodley

Congratulations to the new SARChI Chairs at Stellenbosch University (see page 6). You make us very proud and pave the way for future generations of women researchers to flourish. – Sandy Liebenberg

f Congratulations Omphile Ramela (for being chosen to captain the Cape Cobras; see page 5). Indeed you are inspiring us as not everyone can manage to achieve this level. – Stie Phahla

I have a lot of respect and admiration for SU Rector Prof Wim de Villiers. The way in which he handles the whole situation (around transformation) is fantastic. Good luck with the road ahead, it is not an easy one but we have a lot of trust in you and your team. – Henry Janse van Rensburg

Tuis in Stellenbosch

Vera Adams, wat onlangs by die Afdeling Ontwikkeling en Alumni-betrekkinge as bestuurder van dié kantoor se ontwikkelingsdienste aangesluit het, is 'n vrou van vele talente. Deur ILSE ARENDSE

Ek is 'n alumnus van UWK, Stellenbosch en Rhodes ... waar ek natuurwetenskappe en onderwys gestudeer het, ek het my loopbaan by die Mediese Navorsingsraad in 1997 begin waar ek vir elf jaar as 'n senior wetenskaplike gewerk het. My navorsing het gefokus op die effek van intestinale wurms op die gesondheid van skoolkinders, veral die impak op hul vermoë om te konsentreer en te leer. Dit is in dié tyd dat ek ook aan fondswerwing blootgestel is, omdat ons ons eie navorsing moes befonds.

Ná elf jaar agter 'n mikroskoop... het my man 'n pos by Rhodes-universiteit aanvaar en ons het Grahamstad toe getrek. In dié tyd het ek verskeie nie-winsgewende organisasies bestuur. Een daarvan was die Sentrum vir Sosiale Ontwikkeling by Rhodes – 'n organisasie wat fokus op die belangrikheid van vroeë kinderonderwys en gemeenskapsontwikkeling. Daar was fondswerwing weer eens een van my grootste verantwoordelikhede.

Ek dink dis by Rhodes waar ... ek regtig tuis gevoel het in 'n profesie nadat ek bestuurder van Ontwikkelingsdienste daar geword het. Ek kon my ervaring as navorser en fondswerwer goed inspan aangesien ek met akademiese, navorsings- en ondersteuningsdienste moes werk om befondsing vir hul aktiwiteite te kry. Ek en my gesin het in Oktober 2014 besluit om terug te keer huis toe; Kaapstad toe. Ek was gelukkig om 'n pos by die Britse Raad te kry as projekbestuurder van die Newton Fonds, een van die grootste bilaterale samewerkingsooreenkomste tussen Brittanje en Suid Afrika.



In my huidige pos ... bestuur ek die Ontwikkelingsdienste in die Afdeling Ontwikkeling en Alumni-betrekkinge. Ons rol is om ondersteuning te gee aan fakulteite en die US-leierskap in die hele fondswerwingsproses; om donasies te verseker wat die institusionele prioriteite van die US bevorder. Ek het maar op 3 Augustus begin, so baie van my tyd bestee ek nog om my kollegas se werk te verstaan en ook saam met hulle te werk aan prosesse wat ons dienste aan die Universiteit kan verbeter.

Dit is vir my 'n groot eer ... om deel te wees van een van die mees gesogte universiteite in die land. Ek sien daarna uit om 'n bydrae te lewer wat sal verseker die US bly een van die top universiteite.

Ek geniet dit ... om tyd saam met my man, Roger, en my twee kinders te spandeer. My seun, Neo, is 13 en my dogter, Emily, is 10 – hulle aktiwiteite hou 'n mens maar besig gedurende die week. As ek die kans kry, geniet ek dit om net rustig te wees en te lees. Die lewe lewer baie verrassings op, so my filosofie is: Vat elke dag soos dit kom; môre is nog 'n dag.



Foto's: STEFAN ELS

KAMPUSklets

The award of five new SARChI Chairs to Stellenbosch University is a wonderful achievement for women in academia (see page 6). Congratulations to you all! At an institutional level, however, it is deeply concerning that not a single woman of colour was included in the short-listing process despite the existence of a small but highly competent cohort of black, Indian and coloured women at Stellenbosch University. At this extremely fragile time in the history of this institution, it reflects poorly on our desire to embrace transformation holistically. The sentiments about white privilege echoed in the *Luister* video, in national media, by the Parliamentary Portfolio.

You are welcome to write to *Kampusnuus*. Send a short letter to kampusnuus@sun.ac.za, fax 021 808 3800 or deliver at Admin B. A pseudonym may be used, provided that you supply your name and email/physical address (not for publication). *Kampusnuus* reserves the right to shorten and edit letters. Comment on our SU Facebook page at www.facebook.com/stellenboschuniversity, or follow us on Twitter ([stellenboschuni](https://twitter.com/stellenboschuni)).

US en Wes-Kaapse Departement van Landbou sluit ooreenkoms

'n Ooreenkoms wat grense verskuif in terme van navorsing en innovasie.

Só het die Wes-Kaapse Minister van Ekonomiese Geleentehede, Alan Winde, die samewerkingsooreenkoms wat op 24 Augustus tussen die Universiteit Stellenbosch (US) en die Wes-Kaapse Departement Landbou onderteken is, beskryf.

Winde was teenwoordig by die geleentheid op die US se hoofkampus waar Joyene Isaacs, Hoof van die Wes-Kaapse Departement van Landbou, en prof Eugene Cloete, Viserektor: Navorsing en Innovasie aan die US, die ooreenkoms namens die twee instansies onderteken het.

Die ooreenkoms bekragtig die bestaande verhouding tussen die US en die Departement van Landbou en sal stukrag verleen aan navorsing en kapasiteitsbou tot voordeel van beide partye.

Winde het die belangrikheid van die ooreenkoms beklemtoon en gesê samewerkende benaderings oor landbou gaan 'n wesenlike bydrae lewer in die soeke na oplossings vir uitdagings wat ons in die nabye toekoms in die gesig sal staar.

"Dit is deur innovasie en vaardighede dat ons kompetender bly en ons ekonomie vorentoe neem."



Agter Bongawisa Matoti, Direkteur: Landbou-ekonomiese Dienste, Wes-Kaapse Departement van Landbou; en Alan Winde. Voor dr Ilse Trautmann, Hoofdirekteur: Navorsing en Tegnologie Ontwikkelingsdienste, Wes-Kaapse Departement van Landbou; prof Eugene Cloete; Joyene Isaacs; en prof Danie Brink, waarnemende Dekaan van die US se Fakulteit AgriWetenskappe. Foto: STEFAN ELS

Winde het daarop gewys dat die US 'n instaatstellende omgewing vir navorsing, vaardighede en innovasie skep wat die Departement en die Wes-Kaapse regering na die volgende vlak sal neem.

"Ons moet met die Universiteit Stellenbosch saamwerk om entrepreneurs en besigheidslui te wys watter landbougeleentehede daar in die provinsie is.

"Indien ons hierdie ruimtes kan deel, sal ons 'n beter platform van geleentehede skep vir mense wat in

die provinsie bly en diegene wat hierheen wil kom."

Cloete het Winde se opgewondheid oor die samewerkingsooreenkoms gedeel en gesê "baie goeie dinge sal uit hierdie vennootskap voortvloei veral in terme van kapasiteitsbou en die uitruil van kundigheid".

Cloete het bygevoeg dat landbou uiters belangrik is vir die US en dat die instelling sy verhouding met die Departement van Landbou wil verstewig.

Genetika se groeikamers kry nuwe (helder) baadjie

Vyf MSc-studente van die Departement Genetika se Planteteeltlaboratorium is van die eerste Maties wat kans kry om hul graanproewe in die gemoderniseerde groeikamerfasiliteite van die Fakulteit AgriWetenskappe uit te voer.

Onder hulle is Irma van Zyl, wat eksperimente uitvoer om kruisbaarheid en stuifmeelvlouei in kleingrane te ondersoek. Wandile Ngcamphalala, Jabulani Mthembu, Nondumiso Cebehulu en S-W Meintjes se navorsing hou verband met die Planteteeltlaboratorium se koringvoortelingsprogram.

Met die draai van 'n skakelaar kan hulle die spektrum lig wat op die plante skyn verander, en weet dat temperature in die groeikamer konstant sal bly.

Die geriewe is verbeter danksy die Fakulteit AgriWetenskappe se Strategiese Fonds, waardeur R2 miljoen opsy gesit is. "Daardeur wil ons seker

maak ons bly aan die voorpunt van graan- en genetikavorsing in Suid-Afrika, tot voordeel van die plaaslike industrie," verduidelik dr Michael-John Freeborough, bestuurder van die Fakulteit AgriWetenskappe.

'n Bestaande gebou op die Welgevallen Proefplaas wat in onbruik verval het, is vir hierdie doel omskep. Die bestaande agt groeikamers binne die gebou is gesloop en die ruimte herbenut om ses nuwe groeikamer-eenhede en 'n voorbereidingsarea in te rig.

Buiten die Planteteeltlaboratorium word die geriewe ook gereeld gebruik deur die Departement Agronomie en prof Anna-Maria Oberholster van die Departement Genetika se Graangenomiklaboratorium.

Daar word beoog om die oorblywende kapasiteit ten opsigte van groeikamers beskikbaar te stel vir ander navorsers binne die Fakulteit AgriWetenskappe.

Landbou-ekonomie van US vat voor op wêreldverhoog

Twee landbou-ekonomie van die US is verkies tot die hoogste leierskapsposisies in twee internasionale verenigings.

Prof Nick Vink is aangewys as aangewese president van die Internasionale Vereniging van Landbou-ekonomie (IAAE).

Op sy beurt dien prof Johan van Rooyen as die nuwe president van IFAMA, 'n internasionale vereniging wat fokus op die bestuur van voedsel- en agribesighede.

Nie net is albei die eerste persone uit Afrika om hierdie toonaangewende verenigings te lei nie, maar dis ook die eerste keer dat die leierskap van beide instellings vanuit dieselfde universiteit kom.

Vink en Van Rooyen is albei NNS-geëvalueerde navorsers verbonde aan die US se Departement Landbou-ekonomie in die Fakulteit AgriWetenskappe.

'Khayamandi Oral History Research Project' launched

The "Khayamandi Oral History Research Project" was launched on Saturday, 22 August, with the vision to "unlock many untold narratives – beautiful stories, sad stories, but also hopeful and celebratory stories – in order to build a new future for us all," Stellenbosch University (SU) Rector and Vice-Chancellor Prof Wim de Villiers said.

He was the keynote speaker at the event, which took place at Khayamandi High School and was attended by about 300 guests from the local community and other parts of Stellenbosch.

The project is a joint venture between non-profit organisation Imbadu Ma-Afrika Development Consortium, Stellenbosch University and the Solms-Delta Wine Estate. It is aimed at collecting local narratives to learn more about the history of the Stellenbosch township, one of the oldest in South Africa. Although it was officially established in 1941, its roots

go back more than two decades earlier.

After Imbadu, which promotes cultural heritage and economic development in Khayamandi and beyond, was formed in 2010, Gosa approached Solms-Delta owner Prof Mark Solms to ask for assistance with a history project in Khayamandi similar to the one at the Estate, which houses a museum telling the story of the farm.

Maties will be coordinating the research. Its History Department will play the key role, and its Division of Social Impact (formerly Community Interaction) is also involved.

"The idea is to build on existing sources. One step will be to do additional archival research. Another step will be oral histories to be gathered from the community. Interviews will be conducted by fieldworkers from Khayamandi, with training provided by us," Chet Fransch of SU's History Department said.



ANC Councillor Zoleka Qoba with Imbadu Executive Director Thumakele Gosa at the launch of the Khayamandi Oral History Research Project. Imbadu is an a-political organisation. Photo: DESMOND THOMPSON

"As a university, our strength is academic research. That is what we can bring to this project – not money or power, but expertise at unlocking knowledge, which is a collaborative process," De Villiers said.

Masters student to lead Cape Cobras in four-day series

Omphile Ramela, former Maties Cricket captain and current Masters student in Economics at Stellenbosch University, has been chosen to captain the Cape Cobras in the four-day Sunfoil Series during the upcoming 2015/2016 season.

Justin Ontong will lead the team in the limited-over formats of the game.

Ramela was part of the SA A team that played in two four-day unofficial test matches against India A in India in August. He scored 112 in the first test – his fifth first-class century. He was the leading run-scorer for the Cape Cobras in the local four-day competition and

one of a handful of South Africans to complete a double century in the 2014/2015 season.

"It is an honour and a privilege to be appointed captain of the Cape Cobras. I'm truly humbled by the appointment," Ramela said last week.

"We believe Omphile can lead the Cobras for a number of years," said coach Paul Adams.

Ramela obtained his BA degree and two honours degrees, one in Philosophy and one in Economics, from SU. In 2015 he registered for a Master's degree in Economics with a focus on economic history.



Omphile Ramela Photo: STEFAN ELS

Stellenbosch klim 88 plekke op QS-wêreldranglys

Die Universiteit Stellenbosch (US) se reputasie as een van die voorste navorsingsintensiewe universiteite in die wêreld het 'n stewige hupstoot gekry met die bekendmaking van die jongste Quacquarelli Symonds (QS)-wêreldranglys vir universiteite.

Volgens die ranglys beklee die US nou posisie no 302. Dit is 'n volle 88 plekke hoër as sy vorige posisie van 390 in 2014. In terme van die QS-ranglys beklee die US nou die tweede plek in Suid-Afrika (en in Afrika), een posisie

beter as verlede jaar.

Die QS-wêreldranglys vir universiteite word as een van die mees populêre internasionale ranglyste vir universiteite beskou. Dit is ook die enigste globale ranglys wat onafhanklik nagegaan en deur die Organisasie vir Akademiese Ranglyste en Uitnemendheid, IREG, goedgekeur is.

Volgens QS is dit duidelik dat ranglyste al hoe meer bepalend raak met die neem van 'n verskeidenheid van besluite – van studente wat op 'n

universiteit moet besluit, tot instellings wat vennote kies, tot regerings wat immigrasiebeleid bepaal, tot beursbefonders wat aansoekers op kortlyste plaas.

Die jongste QS-ranglys het 3539 universiteite oorweeg en 700 is geëvalueer op grond van ses prestasieaanwysers: akademiese reputasie, werkgewerreputasie, fakulteit/studentverhouding, navorsingsitasies per publikasie, en die aantal inter-nasionale akademiese en -studente.

Women in five new SARChI Chairs at SU

Stellenbosch University (SU) boasts five new research chairs as part of the South African Research Chair Initiative (SARChI). These chairs, which are funded by the Department of Science and Technology (DST) and the National Research Foundation (NRF), were awarded to five esteemed women researchers at SU. This brings the total number of research chairs at SU to 33 (24 SARChI Chairs, and nine other chairs funded through other sources).

The new SARChI Chairs are Dr Reinette (Oonsie) Biggs (Chair in Social-Ecological Systems and Resilience, placed within SU's new Centre for Complex Systems in Transition); Prof Cheryl Walker of the Department of Sociology and Social Anthropology (Chair in Sociology of Land, Environment and Sustainable Development); Prof Amanda Gouws of the Department of Political Science (Chair in Gender Politics); Prof Anneke

Hesseling, Director of the Paediatric TB Research Programme at the Desmond Tutu TB Centre and the Department of Paediatrics and Child Health (Chair in Paediatric Tuberculosis); and Prof Kathy Myburgh, Distinguished Professor in the Department of Physiology (Chair in Integrative Skeletal Muscle Physiology, Biology and Biotechnology).

SU Rector and Vice-Chancellor Prof Wim de Villiers congratulated the recipients: "It makes us very proud. This is recognition of their academic work and research of the highest quality."

"We are extremely pleased with the success of the five excellent SU candidates. For female researchers across the SA higher education sector this is a day to celebrate the important



Front: Dr Oonsie Biggs, Profs Amanda Gouws, Kathy Myburgh and Dr Therina Theron; back: Profs Eugene Cloete, Vice-Rector: Research and Innovation; Cheryl Walker; and Anneke Hesseling.

role of female academic staff members in this institution and in the country," said Dr Therina Theron, Senior Director: Research and Innovation at SU. "The sector now has 42 new female SARChI role models who will do transformative research, train large numbers of postgraduate students, and hopefully inspire large numbers of female students to enter the area of academic research."

Prof Le Grange elected Fellow of the Royal Society of Biology



Prof Lesley le Grange

Prof Lesley Le Grange, Distinguished Professor in the Department of Curriculum Studies was recently elected Fellow of the Royal Society of Biology (FRSB) in

the United Kingdom in recognition of his contribution to biology education.

The RSB offers different categories of membership and fellows are elected

from all sub-disciplines of biology. This category is the highest grade of individual membership. A maximum of 2 000 fellows are elected worldwide.

Le Grange has always been passionate about biology and environmental education.

Currently he teaches an honours module in environmental education.

"Environmental education is a relatively new discipline, but some of the key challenges in the world today relate to this field, for example: artificial intelligence, some of the dangers associated with the development of

nano-technologies, the possibility of bio-warfare, climate change, the frequency of natural disasters, the availability of water, etc."

In his research Le Grange has found that environmental education is only being addressed cosmetically in schools and at tertiary level. He recently attended an Invitational Seminar on Environmental Education Research (ISEER) with other eminent academics in the field to discuss the state of environmental education.

SU will host the next invitational seminar on this topic in 2018.

Prof Berté van Wyk nou voorsitter van CASE

Sy verkiesing tot voorsitter van 'n spesiale belangegroep wat deel vorm van 'n invloedryke Amerikaanse opvoedkundige navorsingsvereniging, het nuwe deure vir prof Berté van Wyk oopgemaak.



Prof Berté van Wyk

Van Wyk, Voorsitter van die Departement Opvoedkundige Beleidstudies in die Fakulteit Opvoedkunde, is al vyf jaar by die spesiale

belangegroep vir Karibiese en Afrika-studies in Opvoedkunde (*Caribbean and African Studies in Education (CASE)*), deel van die Amerikaanse Opvoedkundige Navorsingsvereniging (AERA), betrokke en is vanjaar gekies om vir 'n termyn van twee jaar as voorsitter te dien.

Volgens Van Wyk het Afrika en die Karibiese Eilande sekere navorsingsbelange wat oorvleuel, omdat baie van die inwoners van die Karibiese eilande se voorsate van Afrika af kom.

Die spesiale belangegroep bied aan navorsers 'n platform om hul navorsing te deel en beïnvloed ook

die navorsingsagenda deur sekere onderwerpe te identifiseer waarby navorsing moet inskakel.

Prof Van Wyk wil graag CASE se invloedseer vergroot deur lidmaatskap te laat groei, navorsingsuitsette te verhoog en die netwerk uit te brei.

"Ons moet ons navorsing ten toon stel soos vereis deur ons mandaat om navorsing oor opvoedkundige kwessies eie tot Karibiese en Afrika-lande aan te moedig, uit te voer, te koördineer en te deel," het hy gesê. Om dit te bereik, beoog hy 'n boek met bydraes deur CASE-lede.

Researcher in agricultural engineering honoured with an IMPRESSA Award

An excellent agricultural engineering researcher who is also helping to build Africa's human resource capacity – that's Prof Umezuruike Linus Opara, holder of the DST-NRF South African Research Chair in Postharvest Technology, and Distinguished Professor in the Department of Horticultural Science at Stellenbosch University. He was recognised as such with an IMPRESSA 2015/2016 Award by the Regional Universities Forum for Capacity Building in Agriculture (RUFORUM).

The award was presented to him in Windhoek in Namibia during the RUFORUM annual general meeting, a continent-wide network of 46 African universities in Eastern, Southern, Central and Western Africa.

The IMPRESSA Award recognises impact research and science in Africa, and honours outstanding university scientists who have made a significant contribution in the field of agricultural research and science for development

in Africa, including human and institutional development.

"While I am delighted that my work has been recognised on a continent-wide scale, the award equally recognises Stellenbosch University and the small team of dedicated and productive students and staff I have worked with over the years," he acknowledges.

Since joining Stellenbosch University in 2009, Opara has set up a state-of-the-art research laboratory that develops and tests various postharvest technologies and advancements.

In particular, Opara is recognised as the world's leading researcher of matters relating to postharvest technology suitable for pomegranate fruit.

The National Research Foundation recently estimated that the efforts

that his team has put into developing technologies for this anti-oxidant rich fruit has provided R65 million of direct and indirect benefits to South Africa's fledgling pomegranate industry.

Forty graduate students (19 PhD and 21 MSc students) and four postdoctoral fellows from over 15 African countries have since benefitted from the training and mentorship in agricultural science and engineering research Opara has provided at Stellenbosch University.



Prof Linus Opara (right) received the IMPRESSA Award from Prof Lew Nyagura, outgoing Chairman of the Board of Trustees of RUFORUM and Vice-Chancellor of the University of Zimbabwe. Photo: SUPPLIED



Die AlchemUS-studentevereniging se jaarlikse "magiese" vertoning op Dinsdag 8 September; het hul kindergehoor vermaak met groot ontploffings, vure in 'n donker bos, en die skurkagtige Gru van Despicable Me met sy drie minions. Monica Clements, voorsitter van AlchemUS en 'n nagraadse student in Chemie, sê uit die kinders se vrae ná die tyd kon hulle agterkom dat die vertoning daarin geslaag het om die kinders oor chemie te laat dink. Die akteurs, hoofsaaklik nagraadse studente, was Khaya Gould (Gru), Rabia Rawoot (Kevin), Tanica Theys (Stuart) en Lizé-Mari Ferreira (Bob). Dr Nefario, gespeel deur Rick O' Connor, het Gru met die eksperimente gehelp. Maryna Janse van Rensburg en Gerbrandt Kotze het gehelp met die voorbereiding van die chemikalieë.

Foto: WIIDA FOURIE-BASSON

Nasionale toekennings vir opkomende US-navorsers

Twee top opkomende navorsers by die Universiteit Stellenbosch (US) het toekennings vir navorsingsuitnemendheid van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) ontvang. Die oorhandigingsgeleentheid het in Umhlanga, KwaZulu-Natal plaasgevind.

Dr Nuraan Davids, 'n dosent in die Departement Onderwysbeleidstudie, en Ethan Newman, 'n doktrale student in die Departement Plant- en Dierkunde, is onderskeidelik in die kategorieë: Vroulike Vroeë Loopbaan/Opkomende Navorsers en Volgende Generasie Manlike Navorsers vir 2015 bekroon.

Hierdie pryse word vir uitsonderlike prestasie in navorsing aan volgende generasie- en opkomende navorsers

toegeken en vorm deel van die NNS se strategie om die getal volgende generasie navorsers te verhoog, opkomende navorsers te ontwikkel, en die aantal gevestigde navorsers te vermeerder.

Davids spesialiseer onder meer in die filosofie van opvoeding, demokratiese burgerskap-onderlig, Islamitiese opvoeding, en etiek in onderwys. Sy is die skrywer van meer as 30 wetenskaplike publikasies, waaronder twee internasionale boeke en 10 boekbydraes. Sy is ook 'n mederedakteur van die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Hoër Onderwys*, 'n redaksielid van die internasionale tydskrif *Ethics and Education* en 'n resesent van

die *American Educational Research Association*.

Newman beoog 'n loopbaan in die biologiese wetenskappe en het reeds vyf referate by konferensies gelewer en vier navorsingsartikels in hoë-impak internasionale tydskrifte soos *Evolution* en *Annals of Botany* gepubliseer. Sy navorsing is van so 'n hoogstaande gehalte dat sy MSc-projek in die tweede jaar na 'n PhD opgegradeer is.

Nog 'n US-navorsers, dr Oonsie Biggs, is ook by die toekenningsgeleentheid vereer. Sy het onlangs 'n P-gradering van die NNS ontvang vir haar uitstekende navorsing oor sosiaal-ekologiese verskuivings en hul impak op ekosisteme.

A new focus

It is not merely a name change from Vice-Rector: Community Interaction and Personnel to Vice-Rector: Social Impact, Transformation and Personnel. With it also comes a renewed focus on transformation at SU and on the University's impact on society.

In June, Prof Nico Koopman took over from Prof Mohammad Karaan as acting Vice-Rector: Community Interaction and Personnel. Now Koopman's portfolio has been restructured and enlarged, and with it came a job title explaining exactly what his focus will be – Vice-Rector: Social Impact, Transformation and Personnel.

Because of the recent name change of the Division of Community Interaction to the Division of Social Impact, this section in the job title has also been changed accordingly. The responsibility of overseeing staff matters remains with Koopman.

Because transformation has become an important issue at SU, it has been included at top management level and made a salient part of Koopman's responsibility centre. Much planning and discussion regarding transformation has taken place since Koopman took office on the SU Management floor in Admin B.

"At SU, we hold a systemic and not a reductionist view of transformation. Transformation not only has to do with our inclusivity concerning aspects such as race, gender, disabilities, sexual orientation and religious beliefs, but also with renewal of the curriculum and the way we approach research. Transformation renews and innovates. It provides energy and takes us onward and upward," says Koopman.

On the one hand, transformation refers to the positive impact of the University on society in a broader context. It relates to how SU contributes to the renewal and remodelling of society in complying with the central values of the Bill of Rights of the Constitution of South Africa – among others human dignity, reconciliation and embracing justice.

On the other hand, transformation relates to the renewal and remodelling of SU itself in terms of the spirit and principles of our *Institutional Intent and Strategy* – among others excellence and diversity, being future-focused and innovative, inclusivity and ownership, and justice and empathy.

Koopman says the University wants its students and staff members to develop a transformation competency or skill. To this end, a compulsory first-year module and required courses for staff are being developed.

"Transformation involves our co-curricular functions and professional support services. Transformation entails that our institutional culture, which is our collective character and communal personality, also be renewed," Koopman adds.

Furthermore, because transformation has become an integral part of all university environments, four plans will be put into action, steered by Koopman's responsibility centre.

Firstly, the responsibility centre will provide for the



Prof Nico Koopman, acting Vice-Rector: Social Impact, Transformation and Personnel.
Photo: STEFAN ELS

